

Hoofstuk van die dag: Sagaria 13

> *Dwarsoor die land, sê die Here, sal twee derdes van hulle uitgeroei word en omkom. Daar sal net ’n derde van hulle oorbly in die land… (vers 8)*

Dit is ’n hartseer feit dat nie almal wat deel van die kerk

is, dit gaan maak nie. Twee derdes sal wegraak (vers 8). Dié wat oorbly, sal gelouter en gesuiwer word (vers 9).
Dis nie hoe ons dink nie. Ons is geneig om inklusief te dink, asof almal dit behoort te maak. God is egter eksklusief as dit by sy kinders kom. Daarom gaan die meeste dit nie maak nie. Dié gedagte het die Here Jesus ook onderstreep met sy uitspraak oor die breë en smal pad (Matt 7:13-14).
Dalk moet ons ons stem helderder laat hoor en minder polities korrek wees. Dit is so dat die oordeel ons nie toekom nie, en dat die Here Jesus gesê het ons moet die onkruid laat staan tot die koring ingesamel word (Matt 13:24-30), want ons weet eenvoudig nie wie almal aan God behoort nie. Maar sonde is afskuwelik in God se oë, en ek glo dis tyd dat ons ophou om anderpad te kyk as ons buurman of vriend dinge doen wat nie rym met die evangelie nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026